HOëRSKOOL DIAMANTVELD

KULTUUR-AKTIWITEITE

2020

LANDSDIENS

Woensdag 15:00-16:00

Belangrike datums:

- 6 Maart: "Cansa Relay 4 Life"
- 13-15 Maart: Gebiedskamp
- 2 September: Boomplantdag
- 19-22 September: Streekskamp
- Eerste naweek in Oktober: Landsdiensdag
- 6-13 Desember: Nasionalekamp

Interaksies met ander skole vind op 'n gereelde basis plaas.
Ons projek vanjaar is 'n Spekboomprojek. Ons wil so veel as moontlik Spekbome plant om ons deel, teen globale verwarming, te doen.

Registrasiegelde: R120 per jaar
Laaste dag vir registrasie is 29 Februarie

Personeel: Nadia Jankowitz
Natalie Vries

Hier by die Delwersklub Landsdiens leef ons die vier liefdes van Landsdiens uit: Liefde vir God, Liefde vir ons naaste, Liefde vir die omgewing en Liefde vir arbeid. Ons wil elke leeder tot 'n waardevolle en waardige landsburger ontwikkel.

REDENAARS

Oefentye: Tref individuele reëlings met leerders.

Personeel: Ramona van der Merwe
Jean-Marie Erasmus

Datum	Aktiwiteit	Waar
3 Februarie	Inskrywings vir ATKV skooluitdunne sluit	Lokaal 11 – Mev. R. Brand (Geen koste)
10 Februarie	ATKV skooluitdunne	Markgraaf Saal (Sportsentrum)
14 Februarie	ATKV inskrywings sluit (Leerders kan eers vanaf 4 Februarie inskryf en betaal.) • **R195 per leerder/ inskrywing**	Lokaal 11 – Mev. R. Brand (Gelde betaalbaar by finansiële kantoor)
18 Maart	*Oppie tong af* en Radikale inskrywings sluit <u>*Oppie Tong Af*</u> • **R200 per individuele spreker per kategorie** • **R500 per span per kategorie** <u>Radikaal</u> • **R75 per inskrywing vir Lees** • **R110 per inskrywing vir Redenaars** • **R250 per inskrywing vir Spanredenaars**	Lokaal 11 – Mev. R. Brand (Gelde betaalbaar by finansiële kantoor)
3 April	ATKV streeksuitdunne	Upington (Voorbereidingskool Fanie Malan)
16-17 April	*Oppie Tong Af* streeksuitdunne	Kimberley (Hoërskool Adamantia)
21 April	Radikale streeksuitdunne	Kimberley
22 Mei	ATKV semi-finale	Upington (Voorbereidingskool Fanie Malan)
5 Augustus	ATKV nasionale finaal	ATKV Buffelspoort
1-2 Oktober	*Oppie Tong Af* nasionale finaal	Pretoria (Midstream Ridge Primary)
3 Oktober	Radikale finaal	Pretoria

* Slegs *ATKV* het ‘n beperking op die hoeveelheid leerders wat ‘n skool kan inskryf en daarom moet leerders eers aan die skooluitdunne deelneem.

* Vir *Oppie Tong Af* en *Radikale Redenaars* kan ons ‘n onbeperkte hoeveelheid leerders inskryf.

DEBAT

Oefentye: Woensdag 14:00-15:00 en ekstra soos nodig.

Belangrike datums:

- 7 Februarie 2020: Sperdatum vir inskrywings
- 5 en 6 Maart 2020: Ronde 1 – Bloemfontein
- 8 en 9 Mei 2020: Semi-finale ronde – Bloemfontein
- 7 Augustus 2020: Nasionale finaal – ATKV-Buffelspoort

Personeel: Bonni van Eetveld

Debat bied 'n fantastiese platvorm vir kritiese en kreatiewe denke wat van kardinale belang is vir akademiese sukses. Ons poog om leerders se kennis te verbreed en hulle toe te rus met kommunikasievaardighede wat weier strek as die skoolomgewing.

KOOR

Oefentye: Dinsdae aande : 18:30 - 20:00

Belangrike datums:

- Oudisies: 27 Januarie om 18:00
- Koorkamp/Oefenkamp : 7-8 Februarie (Lede oefen by die skool)
- **Optredes:**

14 Maart:	Choral Celebration Festival
15 April:	Koorfees van Paarl Boys' High (Toer vanaf 14 April tot 16 April)
7 Mei/8 Mei:	Girls' High Koorfees (Festival of voices)
10 Mei:	Reünie diens
18-20 Augustus:	DHS Koorfees
13/14 Oktober:	Kleedrepetisie/Kerskonsert

Personeel: Salome Schreuder
Rozanne Botha (Koorleidster)
Gideon Linde (Begeleier)

TONEEL

Oefentye: Maandae aande 18:00 – 20:00
Woensdae middae 16:30 – 19:00

Belangrike datums:

- 5 en 6 Februarie 2020: Oudisies
- 22-26 Junie 2020: Toernaweek (Kamp)
- 23 Julie 2020: HS Douglas Tienertoneel
- 28 Julie 2020 -1 Augustus 2020: Loganfees te Fraserburg
- 3 - 8 Augustus 2020: ATKV Tienertoneel te Bloemfontein

Vir die oudisies sal die leerder ‘n teks ontvang en ‘n gedeelte daarvan moet voorberei. “Call backs” sal gehou word indien nodig.

Die Fraserburg toneelfees vind plaas tussen **28 Julie - 1 Augustus 2020**, maar ons sal slegs op een van daardie dae optree. Dit sal later aan ons bevestig word op watter een van hierdie dae ons sal optree.
Die ATKV Tienertoneel sal oudergewoonte by die Wynand Mouton Teater in Bloemfontein plaasvind.

Personeel: Karla Jooste

KUNSFEES

Oefentye: Tref individuele reëlings met leerders.

Belangrike datums:

- **DRAMA**
  27 – 31 Julie 2020

  MUSIEK
- 03 – 07 Augustus 2020

Personeel: Chantelle Bekker

AITSA

Die “Aitsa” is die amptelike skoolkoerant van Hoërskool Diamantveld sedert 1975. Die koerant is vanjaar onder leiding van Jandré du Plessis (redakteur) en Elcke Katzke (sub-redaktrise). Die leerders skryf oor spesifieke gebeurtenisse in die skooljaar wat van belang is op die leerders . Groot opgewondenheid lê voor aangesien dit die eerste jaar is wat die “Aitsa” elektronies gepubliseer gaan word. Indien enige leerder daarin belangstel om deel te word van die “Aitsa”-familie, kan hulle gerus kom inloer by Me. Du Plessis in klaskamer 36.

Indien jy dit oorweeg om deel te wees van die "Aitsa" moet jy besef dat dit harde werk verg en dat jy sperdatums baie goed sal moet nakom.

- Redaksievergaderings soos daar afgekondig word.

Personeel: Jané du Plessis

VCSV

Woensdae tydens pouse!!

Daar word verskeie sprekers gereël wat die leerders kom toespreek. Ons is bevoorreg om soveel predikante, pastore en diensjaargroepe te hê dat ons byna weekliks iemand het wat ons besoek en 'n bydrae tot die geestelike welstand en groei van ons DHS leerders maak.

Ons waardes word deur sprekers aan die leerders oorgedra, en ons dankbaarheid en lofprysing tot God is die deel van ons pouse wat ons opoffer.

Ons doelwitte vir 2020 is om DHS se leerders te bedien met die waarheid uit God se Woord, hul verhouding met hul Hemelse Pappa te versterk, lofprysing, uitreike na die gemeenskap, motiverings-/Christelike video-aande te hou en om die behoeftes van ons DHS leerders aan te spreek en te hanteer.

Die VCSV het 'n bestuur met twee voorsitters en lede, wat uit Gr. 11 & 12 leerders bestaan.

Ons VCSV bywoning is vrywillig.

Ons leer en leef vir Jesus!!!

Personeel: Bettie Kleynhans
Jacques Zandberg
Magda Myburgh